HOËRSKOOL ELLISRAS

014 763 2104 admin@rassies.com O.R Thambo Road, Lephalale

M.L Louwies

We strive for excellence
Ons streve na uitnemendheid

01/11/2023

BETALING VAN SKOOLGELDE: 2024

Skoolgelde word aangewend ter ondersteuning van die onderrig en ontwikkeling van u kind.

Die skoolgeld vir 2024 beloop R27,720.00 per leerder en die volle bedrag van R27,720.00 word eenmalig op u kind se skoolfondsrekening gehef. (Kyk asseblief ook na die kwotasie vir bykomende kostes vir sekere keuse- en verpligte vakke soos uiteengesit en aanvaar tydens die ouervergaderingop 16 Oktober 2023.)
Let asseblief daarop dat skoolfonds vooruitbetaalbaar is aan die begin van die skooljaar.
Indien u die volle bedrag vereffen voor/op 28 Februarie 2024, kwalifiseer u vir 'n korting van 4%.

'n Vergunning word gemaak met die doel om die finansiële las te verlig en derhalwe kan die skoolfonds betaal word in 11 maandelikse paaiemente, Januarie tot 7 November 2024. Die maandelikse skoolgeldbedrag van R2,520.00 per maand moet voor of op **7 November 2024** ten volle vereffen wees. Maandelikse betalings moet stiptelik voor of op die eerste van elke maand gemaak word **oor elf maande** (Januarie 2024 tot 7 November 2024). Let asseblief daarop dat u skoolfondsrekening gaan toon dat u 'agterstallig' is as u maandeliks betaal, aangesien die skoolfonds aan die begin van die skooljaar gefaktureer word. Indien u egter elke maand vanaf Januarie 2024 totNovember 2024 stiptelik die R2,520.00 betaal, beskou ons u rekening as op datum.

Alle rekeninge wat 90 dae agterstallig is, sal oorhandig word vir invordering. Dit bring mee datrentes en kostes, waarvoor u verantwoordelik sal wees, teen u volle rekening gehef sal word. Oorhandigings sal plaasvind sonder enige voorafkennisgewing aan die ouers aangesien skoolfonds vooraf betaalbaar is. Geen reëlings kan verder getref word nadat 'n skoolfondsrekening oorhandig is nie.

Kragtens Artikel 39 en 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, is beide ouers aanspreeklik om verpligte skoolfonds te betaal en mag die skool betaling van hierdie verpligte fondse afdwing in terme van sodanige wetgewing. Skoolfonds word volgens Wet as 'n statutêre skuld geklassifiseer soos gedruk in Staatskoerant nommer 28864, Deel D, 24 (v) "Living expenses, inclusive of, but not limited to (cc) school fees."

Sou u kwalifiseer vir volle of gedeeltelike vrystelling moet u, volgens wet, **jaarliks** skriftelik aansoekdoen vir vrystelling. Die aansoek vir vrystelling is verkrygbaar by die betalingskantoor en kan slegsvoltooi word deur die ouers of wettige voog van die leerder waarvoor aansoek gedoen word.
Aansoeke vir vrystellings sluit stiptelik 28 Februarie 2024 en verdere aansoeke sal alleenlik aanvaarword indien u finansiële posisie verander gedurende die jaar. Hierdie aansoeke moet **vyf dae** na dit uitgeteken is weer ingeteken word.

HOËRSKOOL ELLISRAS

014 763 2104 admin@rassies.com O.R Thambo Road, Lephalale

M.L Louwies

We strive for excellence
Ons streve na uitnemendheid

Enige reëlings in verband met laat betaling van u skoolfonds moet **skriftelik** by die betalingskantoor ingehandig word. Geen reëlings wat telefonies of mondelings gemaak word, is geldig nie. Indien u sou versuim om u ooreenkoms/belofte na te kom sal u rekening ook oorhandig word aan die invorderaars.

BELANGRIK: Stel asseblief die skool *skriftelik* in kennis indien u kind die skool verlaat. Handig so 'n kennisgewing in by die betalingskantoor nadat u dit by die Admin kantoor afgehandel het.

Skool se bankbesonderhede:

Naam van rekening:	ELLISRAS HOËRSKOOL FONDSBank: NEDBANK
Rekening nommer:	1445 094 649
Tak kode:	144 547

Dui asseblief u kind se verwysingsnommer aan wanneer u die betaling maak.

Die uwe:

MNR. M.J. LOUWIES
WAARNEMENDE HOOF